basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## VERBRUIKERSTUDIES

## NOVEMBER 2016

**PUNTE: 200**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 18 bladsye.**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit SES vrae.

| VRAAG | INHOUD | PUNTE | TYD (minute) |
|---|---|---|---|
| 1 | Kortvrae (Alle onderwerpe) | 40 | 20 |
| 2 | Die Verbruiker | 20 | 20 |
| 3 | Voedsel en Voeding | 40 | 40 |
| 4 | Kleding | 20 | 20 |
| 5 | Behuising | 40 | 40 |
| 6 | Entrepreneurskap | 40 | 40 |
| | **TOTAAL:** | **200** | **180** |

2. AL die vrae is VERPLIGTEND en moet in die ANTWOORDEBOEK beantwoord word.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Begin ELKE vraag op 'n NUWE bladsy.

5. Jy mag 'n sakrekenaar gebruik.

6. Skryf slegs met swart of blou ink.

7. Gee aandag aan spelling en sinskonstruksie.

8. Skryf netjies en leesbaar.

## VRAAG 1: KORTVRAE

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Skryf die vraagnommer (1.1.1–1.1.20) neer, kies die antwoord en maak 'n kruisie (X) oor die letter (A–D) van jou keuse in die ANTWOORDEBOEK.

VOORBEELD:

| 1.1.11 | A | B | C | ~~D~~ |
|---|---|---|---|---|

1.1.1 Munisipaliteite is verantwoordelik vir …

A behuisingsubsidies.
B vullisverwydering.
C veiligheidsdienste.
D inkopiesentrums. (1)

1.1.2 Hierdie liggaam samel belasting in namens die regering:

A Nasionale Verbruikersforum
B Departement van Finansies
C Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde
D Suid-Afrikaanse Inkomstediens (1)

1.1.3 Hierdie praktyk toon die mees volhoubare gebruik van elektrisiteit:

A Kook water eerder op 'n stoof as om 'n ketel te gebruik.
B Tuimeldroog klere eerder as om dit te stryk.
C Warm voedsel eerder in 'n mikrogolfoond as in 'n konvensionele oond op.
D Gebruik in die winter eerder 'n elektriese verwarmer as 'n elektriese kombers. (1)

1.1.4 Tipe 2-diabetes word met … beheer.

A 'n normale dieet
B insulieninspuitings
C mondelikse medikasie
D intense oefeninge (1)

1.1.5 'n Moontlike oorsaak van hiperaktiwiteit by party kinders:

A Additiewe/Bymiddels
B Anemie
C Bulimie
D Diabetes (1)


1.1.6 Wanneer die nutriëntinhoud van 'n produk as 'lae vet' gemerk is, beteken dit die produk bevat … vet.

A geen
B baie min
C 'n matige hoeveelheid
D 'n groot hoeveelheid (1)

1.1.7 'n Moontlike voordeel van geneties gemodifiseerde voedsel:

A Gesonder omdat geen chemikalieë gebruik word nie
B Geen negatiewe impak op die grond nie
C Meer mense kan gevoed word
D Geen antibiotika word gebruik nie (1)

1.1.8 Bestudeer die tekens hieronder en dui aan watter EEN die beste keuse in 'n wegneemete-restaurant sou wees om voedseloordraagbare siektes te voorkom.



[Bron: Google Images]

A 1
B 2
C 3
D 4 (1)

1.1.9 Die stadium in die modesiklus wanneer klerepryse afgemerk en op uitverkopings verkoop word:

A Afname
B Vernuwing
C Hoogtepunt
D Opgang (1)

1.1.10 'n Kenmerk wat 'n modegier van 'n klassieke styl onderskei:

A Styl wat vir ouer mense geskik is
B Tydlose styl
C Styl wat skielik gewild is
D Styl wat vir die meeste mense geskik is (1)

1.1.11 Oordragskoste:

A Gehef om die verbandlening en titelakte te registreer
B Regeringsbelasting betaalbaar elke keer as 'n eiendom van eienaar verwissel
C Betaling aan die eiendomsagent wat oor die oordragproses toesig hou
D Betaling aan die prokureur wat die dokument vir die verbandlening voorberei (1)

1.1.12 Hierdie versekering is die verantwoordelikheid van 'n huurder:

A Verbandbeskermingsversekering
B Huiseienaarsversekering
C Huisinhoudversekering
D Huurooreenkomsversekering (1)

1.1.13 Die kenmerk van 'n wasmasjien wat 'n beginsel van universele ontwerp toon:

A Prentjies en instruksies in die handleiding verskyn in verskillende tale
B Die deur aan die voorkant kan teen 'n hoek van 90° oopmaak
C Raakkontroleknoppies aan die agterkant van die wasmasjien
D Verskillende siklusse, byvoorbeeld ekonomiese siklus of slegs-uitspoel-siklus (1)

1.1.14 Die KORREKTE stelling oor 'n staatsbehuisingsubsidie:

A Suid-Afrikaanse burgers kan dit twee keer ontvang.
B 'n Aansoeker moet getroud wees of afhanklikes hê.
C Enige Suid-Afrikaanse burger kan aansoek doen.
D Dit kan oor 'n tydperk van 20 jaar afbetaal word. (1)

1.1.15 'n Nadeel om self jou huis te bou:

A Nie goedkoop om 'n nuwe tuin te begin nie
B Nie moontlik om die ontwerp volgens eie behoeftes aan te pas nie
C Die boulening dek nie stygings in munisipale koste nie
D Die woning kan nie volgens 'n aanpasbare skedule voltooi word nie (1)

1.1.16 Prosedure om te verseker dat produkte aan die vereiste standaarde voldoen:

A Produkspesifikasies
B Voorraadbestuur
C Gehaltebeheer
D Finansiële beheer (1)

1.1.17 Instandhouding van toerusting in 'n onderneming is belangrik, omdat dit bydra tot …

A doeltreffende opleiding van werkers.
B verbeterde bergingsprosedures.
C die verkoop van produkte teen 'n hoër prys.
D die doeltreffende produksie van produkte. (1)

1.1.18 Die sleutelbeginsel in die ontwerp van 'n advertensie-pamflet:

A Bespaar drukkoste deur nie prentjies te gebruik nie.
B Maak die pamflet klein om papier te spaar.
C Verskaf baie inligting om te lees.
D Die opskrif moet aandag trek. (1)

1.1.19 Die funksie van 'n kontantvloeivooruitskatting vir 'n onderneming:

A Om te verseker dat daar genoeg kontant is om uitgawes te betaal
B Om swak voorraadbeheer in die onderneming te voorkom
C Om gehaltebeheer te handhaaf as daar voldoende kontant is
D Om volhoubare produksie van gehalteprodukte te verseker (1)

1.1.20 Die onderneming wat waarskynlik volhoubare winsgewendheid toon:

A Onderneming A het baie korttermyndoelwitte.
B Onderneming B gebruik sosiale media om met kliënte in kontak te bly.
C Onderneming C verhoog verkooppryse om 'n mededingings-voordeel te hê.
D Onderneming D beplan om 'n lening uit te neem om die werkers te betaal. (1)

1.2 Kies die simptome uit KOLOM B wat by die voedseloordraagbare siekte in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–F) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.4) in die ANTWOORDEBOEK, byvoorbeeld 1.2.5 G.

| KOLOM A<br>VOEDSELOORDRAAGBARE SIEKTE | KOLOM B<br>SIMPTOME |
|---|---|
| 1.2.1 Disenterie | A krampe, diarree wat aanvanklik waterig is, maar bloederig kan word |
| 1.2.2 E. coli-infeksie | B donkerkleurige urien, buikpyn, geelsug |
| 1.2.3 Tuberkulose | C sweet baie in die nag, naarheid |
| 1.2.4 Hepatitis | D niebloederige diarree, koors, buikkrampe |
| | E ernstige hoes, verlies aan eetlus, gewigstoename |
| | F waterige stoelgang wat sigbare bloed of etter bevat |

(4 x 1) (4)

1.3 Gee EEN woord/term vir elk van die beskrywings hieronder. Skryf slegs die woord/term langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.6) in die ANTWOORDEBOEK neer.

1.3.1 'n Groep mense wat saam onderneem om gereeld bydraes in 'n gemeenskaplike fonds vir spesifieke doeleindes te betaal (1)

1.3.2 Nadat 'n telefoniese besigheidsaanbod van die hand gewys is, is geld steeds van die verbruiker se bankrekening afgetrek (1)

1.3.3 Goedere wat deur nieamptelike of ongemagtigde verspreidingskanale in 'n land ingevoer is (1)

1.3.4 Lede ontvang vergoeding vir die werf van ander lede eerder as vir die verkoop van enige goedere of dienste (1)

1.3.5 Volgens die Wet op Verbruikersbeskerming, 2008 (Wet 68 van 2008) het 'n verbruiker vyf dae om 'n transaksie te kanselleer wat as gevolg van direkte bemarking gesluit is, sonder om 'n rede te verskaf of sonder finansiële implikasies (1)

1.3.6 Produkte word verkoop en verkoopspersone ontvang 'n gedeelte van die verkope van 'n laer vlak (1)

1.4 Kies VIER moontlike redes waarom 'n onderneming hulle beste verkoopscenario sal bereik. Skryf slegs die letters (A–H) langs die vraagnommer (1.4) in die ANTWOORDEBOEK.

A Klante het geld beskikbaar gehad om die produkte te koop.
B Duur en luukse verpakking is gebruik.
C Instandhouding van toerusting is gereeld gedoen.
D Produkte was goeie waarde vir geld.
E Die onderneming het hulle verkoopsdoelwit bereik.
F Die onderneming het as gevolg van goeie bemarking gegroei.
G Die onderneming het minder as die gelykbreekpunt verkoop.
H Die personeel is goed opgelei en goed betaal. (4)

1.5 Kies die kledingitem in elke stel van vier opsies wat die beste keuse sou wees om saam met die klassieke vlootblou chino-broek hieronder te dra om aan die professionele kleredragkode van 'n korporatiewe maatskappy te voldoen. Skryf slegs die letter (A–X) langs die vraagnommer (1.5.1–1.5.6) in die ANTWOORDEBOEK, byvoorbeeld 1.5.7 Y.



Klassieke vlootblou chino-broek

Kledingitems om van te kies:

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 1.5.1 |  |  |  |  |
| | **A**<br>Rooi geruite hemp | **B**<br>Swart en grys bedrukte hemp | **C**<br>Grys gholfhemp | **D**<br>Ligblou hemp met strepe |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 1.5.2 |  |  |  |  |
| | **E**<br>Vlootblou kort toeritsbaadjie ('bomber jacket') | **F**<br>Vlootblou snyersbaadjie | **G**<br>Wit drabaadjie/ nutsbaadjie ('utility jacket') | **H**<br>Blou denimbaadjie |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 1.5.3 |  |  |  |  |
| | **I**<br>Swart leerbelt | **J**<br>Ligbruin leerbelt | **K**<br>Ligblou belt met vlootblou streep en bruin leerpunte | **L**<br>Swart gevlegte plastiekbelt |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 1.5.4 |  |  |  |  |
| | **M**<br>Vlootblou strikdas met wit kolletjies | **N**<br>Vlootblou hemp-sakdoekie met bedrukte haaipatroon | **O**<br>Koningsblou gebreide sydas | **P**<br>Vlootblou das met klein wit vierkantjies |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 1.5.5 |  |  |  |  |
| | **Q**<br>Kouse met breë groen en ligblou strepe | **R**<br>Swart kouse met wit vierkante | **S**<br>Rooi paisleykouse | **T**<br>Grys kouse met sonbrilmotief |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 1.5.6 |  |  |  |  |
| | **U**<br>Ligbruin leerskoene | **V**<br>Bruin leerskoene met wit sole | **W**<br>Vlootblou toeryg-seilskoene | **X**<br>Swart leer-aanglipskoene |

[Bron: www.woolworths.co.za] (6)
**[40]**

## VRAAG 2: DIE VERBRUIKER

2.1 Noem TWEE vorme van hernubare energie. (2)

2.2 Verduidelik die term *uitvissing ('phishing')*. (3)

2.3 Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vraag wat volg.

> Die Minister van Finansies het in sy Oktober 2015-tussentydse begrotingsrede aangekondig dat 'n verhoging van BTW steeds een van die moontlikhede is om tekorte aan inkomste in 2016 te hanteer.
>
> [Aangepas uit *The Star Business Report,* 22 Oktober 2015]

Verduidelik hoe 'n verhoging van BTW voedselpryse en die besteebare inkomste van Suid-Afrikaanse verbruikers sal beïnvloed. (4)

2.4 Lees die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

> Dit is nie meer so goedkoop soos vroeër om in Suid-Afrika te woon nie, omdat pryse aanhou styg. Die rand se waarde wissel voortdurend. Die land voer baie produkte in. Die styging in die prys van petrol, diesel en verbruikersprodukte in die afgelope paar jaar verlaag ook nie lewenskoste nie. Kleding- en verbruikersitems, soos rekenaars, is effens goedkoper in Suid-Afrika.
>
> [Eie teks]


2.4.1 Haal 'n sin uit die inligting hierbo aan om die term *inflasie* te beskryf. (1)

2.4.2 Gebruik die inligting hierbo en identifiseer TWEE items wat in die 'verbruikersmandjie' ingesluit kan word wanneer die verbruikersprysindeks geassesseer word. (2)

2.5 Bestudeer die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

Water vloei in die stortkop in, waar dit met lug gemeng en saamgepers word. Die lug-en-water-mengsel word uit die stortkop geforseer, wat 'n sterk waterstroom teen 'n baie lae vloeitempo skep.

[Bron: www.asparkleofgenius.com/bricor-shower-head-review]




Bespreek hoe die installering van hierdie stortkop kan bydra tot die volhoubare verbruik van:

2.5.1 Water (2)

2.5.2 Elektrisiteit (2)

2.6 Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vraag wat volg.

**RAAD WAT AFGETREDE PERSONE AAN HULSELF SOU GEE AS HULLE JONGER WAS**

- Spaar meer, spaar langer en stel jou aftrede uit.
- Kry 'n goeie mediese skema met omvattende dekking.
- Betaal jou verbandlening af voordat jy aftree.

[Aangepas uit *Saturday Star*, 7 November 2015]

Kies enige TWEE van die stellings hierbo en analiseer hoe afgetrede verbruikers by ELKEEN sal baat vind. (4)
**[20]**

## VRAAG 3: VOEDSEL EN VOEDING

3.1 Definieer die term *vetsug*. (1)

3.2 Noem VIER punte om in gedagte te hou wanneer gastroënteritis by volwassenes behandel word. (4)

3.3 Bestudeer die inligting hieronder wat op die etiket van 'n bottel pastasous verskyn het en beantwoord die vrae wat volg.

> **SONGEDROOGDETAMATIE-EN-PECORINOKAAS-PASTASOUS**
>
> **Bestanddele**
>
> Gefiltreerde water, vars room, tamatiepasta, songedroogde tamatiepulp, botter, Pecorino- en Parmesaankaas, mielieblom, sout, suiker, speserye, suur-reguleerder (melksuur), stabiliseerder, gisekstrak, preserveermiddel: sorbiensuur, geurmiddel, natuurlike kleurmiddels: betakaroteen en anatto.
>
> [Bron: 'Mrs Brown's Sundried Tomato and Pecorino Cheese Pasta Sauce']

3.3.1 Watter bestanddeel kom in die grootste hoeveelheid voor? (1)

3.3.2 Identifiseer die bestanddeel wat gewoonlik bestraal word. (1)

3.3.3 Identifiseer DRIE bestanddele op die etiket wat een of meer van die algemeenste allergene bevat. (3)

3.3.4 Verduidelik die funksie van sorbiensuur as 'n chemiese preserveermiddel in hierdie produk. (2)

3.3.5 Bespreek waarom hierdie produk NIE geskik is vir die voorkoming van osteoporose NIE. (2)

3.4 Bestudeer die spyskaart van ONTBYT A en ONTBYT B hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

| ONTBYT A | ONTBYT B |
|---|---|
| Aarbei-, veselperske-, kiwivrugskyfies | Sjokoladecroissants met room |
| xxx | xxx |
| Volgraanmuesli en laevetjogurt | Graanvlokkies met melk |
| xxx | xxx |
| Gestoofde lewer in uiesous<br>Geposjeerde eiers<br>Volkoringbrood en margarien | Gebraaide beesvleisworsies<br>Gebakte eiers<br>Bruinbrood met margarien |
| Koffie met laevetmelk | Koffie met niesuiwel-verromer (poeiermelk) |

3.4.1 Identifiseer TWEE voedselitems op die spyskaarte wat 'n persoon met laktose-intoleransie moet vermy. (2)

3.4.2 Verduidelik waarom ONTBYT B tot arteriosklerose sal bydra. (6)

3.4.3 Gee DRIE redes waarom ONTBYT A die beste keuse sal wees om anemie te bestuur. (6)

3.5 Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vraag wat volg.

> 'n Verslag deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap beweer dat die meeste Suid-Afrikaners 'n tekort aan die volgende ses mikronutriënte in hulle dieet het: Vitamien A, B-vitamiene, foliensuur, selenium, yster en sink. Dit het 'n ernstige invloed op mense met MIV/Vigs en tuberkulose.
>
> [Bron: *Die Burger*, 15 Augustus 2013]

Verduidelik waarom die nutriënte in die uittreksel hierbo 'n positiewe invloed op mense met MIV/Vigs sal hê. (4)

3.6 Suid-Afrika ondervind dikwels droogtes. Analiseer hoe droogtes voedsekerheid en die Suid-Afrikaanse ekonomie negatief kan beïnvloed. (8)

**[40]**

## VRAAG 4: KLEDING

4.1 Definieer die term *kleredragkode.* (2)

4.2 Skryf 'n paragraaf om te verduidelik wat *ekovriendelike kleedstowwe* is. (6)

4.3 Verduidelik hoe die veranderende rol van vroue in die werkplek 'n positiewe invloed op modeveranderinge het deur na die volgende faktore te verwys:

4.3.1 Ekonomiese faktore (2)

4.3.2 Maatskaplike/Sosiale faktore (2)

4.4 Bestudeer die prentjie hieronder en beantwoord die vrae wat volg.



Die vrou dra 'n roomkleurige baadjie met 'n belt wat vasgebind is, 'n swart kniebroek en swart plat sandale.

[Bron: www.woolworths.co.za]

4.4.1 Verduidelik die optiese illusies wat in hierdie uitrusting deur die gebruik van kleur geskep word. (4)

4.4.2 Motiveer waarom die baadjie 'n goeie keuse is vir 'n basiese item vir 'n werkersklerekas. (4)

**[20]**

## VRAAG 5: BEHUISING

5.1 Noem TWEE koste wat in verbandregistrasiefooie ingesluit word. (2)

5.2 Noem wie se verantwoordelikheid dit is om die reëls en regulasies in 'n deeltitelkompleks te bepaal. (1)

5.3 Verduidelik waarom maandelikse heffings in aanmerking geneem moet word wanneer deeltiteleiendom gekoop word. (2)

5.4 Verduidelik die volgende terme:

5.4.1 Verbandlening (2)

5.4.2 Koopakte-ooreenkoms (2)

5.5 Bestudeer die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**GASSTOOF/KOOKBLAD**

- Verskillende grootte branders met 'n roosterplaat wat opgelig kan word
- Duidelike handleiding
- Kinderveilige sluitmeganisme
- Kan kontant of met 'n kredietkaart gekoop word



[Eie teks met prentjie van Google Images]

5.5.1 Vergelyk 'n *kontantbetaling* met 'n *kredietkaartbetaling* wanneer die gasstoof gekoop word. Tabuleer jou antwoord soos volg:

| KONTANT | KREDIETKAART |
|---|---|
| • <br>• (2) | • <br>• (2) |

(4)

5.5.2 Verduidelik die voordele van die volgende aspekte van die gasstoof:

(a) TWEE universele veiligheidsontwerpkenmerke (4)


(b) Menslike energieverbruik (2)

(c) Niemenslike energieverbruik (2)

5.5.3 Beskryf die positiewe impak van gas op die natuurlike omgewing. (4)

5.6 Bestudeer die grafiek hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**SUID-AFRIKAANSE RENTEKOERSWISSELING (2006–2015)**




[Aangepas uit www.tradingeconomics.com/south-africa/interest-rate]

5.6.1 Identifiseer die tweejaar-tydperk waartydens 'n vaste rentekoers meer voordelig vir 'n huiseienaar met 'n verbandlening sou gewees het. (1)

5.6.2 Gee redes vir jou antwoord op VRAAG 5.6.1. (2)

5.7 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

Mnr. Bones het 'n huis in 'n ou woongebied met 'n hoë misdaadkoers gekoop. Die prys van die huis was binne sy begroting en hy was van plan om die huis te verhuur.

Nadat hy al die herstelwerk gedoen het, het hy huurders gekry, maar hulle het net drie maande in die huis gebly. Hulle het gekla dat die huur te hoog was vir die omgewing waarin die huis geleë was.

Hy het desperaat geword en huurders toegelaat om die huis te bewoon sonder om 'n deposito te betaal. Na twee maande het hierdie huurders uitgetrek sonder om kennis te gee en hulle het spoorloos verdwyn. Mnr. Bones het die huis vir 'n bedrag effens hoër as die koopprys verkoop. Kort daarna, nog voordat die nuwe eienaar kon intrek, is daar by die huis ingebreek.

[Eie teks]

5.7.1 Bespreek die nadele van die huis se verhuring vir mnr. Bones. (4)

5.7.2 Mnr. Bones het nie 'n goeie belegging gemaak nie. Motiveer die stelling. (8)

**[40]**

## VRAAG 6: ENTREPRENEURSKAP

6.1 Noem VIER faktore wat 'n entrepreneur moet oorweeg wanneer 'n geskikte produk vir kleinskaalse produksie gekies word. (4)

6.2 Gee EEN voorbeeld van ELK van die volgende tipes media wat gebruik kan word om 'n produk te adverteer:

6.2.1 Gedrukte media (1)

6.2.2 Elektroniese media (1)

6.3 Noem die doel van 'n finansiële-uitvoerbaarheid-studie. (2)

6.4 Gee redes waarom dit vir 'n onderneming belangrik is om die produksiekoste en verkoopprys van produkte akkuraat te bereken vir volhoubare winsgewendheid. (2)

6.5 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

> Nellie, 'n graad 11-Kunsleerder, verkoop pragtige, netjies gehekelde en afgewerkte haarbande by die skool en in die gemeenskap. Sy doen dit om haar sakgeld aan te vul.
>
> Nellie hekel elke dag terwyl sy televisie kyk, nadat sy haar huishoudelike take, huiswerk en studies afgehandel het. Sy gebruik basiese hekelpatrone in tydskrifte en liasseer dit in 'n blaailêer. Sy kry gebruikte papier by haar onderwysers en verruil dit vir herwonne, gekleurde papier by die nabygeleë papiermeule. Nellie gebruik die papier om koeverte wat maklik oop- en toemaak te maak en sy verpak die haarbande daarin. Sy gebruik knope van ou klere om die koeverte te versier. Nellie bêre die gekleurde papier, hekelgare en hekelpenne, wat haar ouma vir haar gegee het, in skoenbokse. Dit help haar met voorraadbeheer.
>
> Met die wins wat sy maak, koop sy voorraad, toiletware en middagetes by die skool. Sy hou rekord van haar inkomste en uitgawes. Die garing vir vyf haarbande kos R36,00 en gom vir 20 koeverte kos R25,00. Sy betaal haarself R6,00 vir arbeid vir elke haarband wat sy maak. Sy maak 65% wins op elke haarband.
>
> [Eie teks]

6.5.1 Hoe maak Nellie seker dat die ontwerp van die verpakking vir die haarbande aantreklik vir verbruikers is? (6)

6.5.2 (a) Noem die verspreidingsmetode wat Nellie gebruik om die haarbande te verkoop. (1)

(b) Bespreek TWEE voordele van die verspreidingsmetode wat Nellie gebruik om haar produk te verkoop. (2)

6.5.3 Bespreek maniere waarop Nellie volhoubare produksie handhaaf. (6)

6.5.4 Bereken die produksiekoste en verkoopprys van EEN haarband. Toon ALLE berekeninge en rond die finale bedrag tot die naaste rand af. (7)

6.5.5 Analiseer hoe Nellie doeltreffende produksie van kwaliteitprodukte verseker. (8)
**[40]**

**TOTAAL: 200**

Kopiereg voorbehou